# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 12: 19 April 2024




**BELANGRIKE INLIGTING:**


Datums Bl. 3

Gr. 3-koekverkoping Bl. 5

Mamma mark Bl. 6



# Uit die kantoor

- Baie geluk aan die netbalspanne wat pragtig teen Onze Rust laerskool netbal gespeel het. Uitslae op bladsy 4. Baie sterkte vir volgende week se netbalwedstryde teen Willem Postma en Bloemfontein laerskool.
- Baie sterkte aan ons twee swemmers wat aan die Suid-Afrikaanse swemkampioenskap in Gqeberha.
- Baie sterkte aan die o. 12A- en o. 13A-netbalspanne wat Saterdag aan die finale Motheo-netbalproewe gaan deelneem.
- Baie sterkte aan die o. 7- tot o. 10-netbalspanne wat vanmiddag aan Bloemfontein laerskool se mini-netbaldag deelneem. Geniet dit en lekker netbal speel!
- Baie sterkte aan die o. 13A-netbalspan wat volgende week aan die Wildeklawer netbaltoernooi in Kimberley gaan deelneem.
- Volgende Vrydag hou die Graad 3's koekverkoping. Bring 'n geldjie en kom ondersteun hulle.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 19 April: | IF: Detensie |
| | Boekuitstalling: Sportlokaal |
| | Netbal: Mininetbal o.7 - o.10 Bloemfontein laerskool |
| | SA Skole swemkampioenskap |
| | Oppie Tong af redenaars: Aanlyn |
| | Motheo Netbalproewe o.12 & o.13 Fichardtpark Groep 2 |
| 20 April: | Motheo Netbalproewe o.12 & o.13 Fichardtpark Finaal |
| | SA Skole Swemkampioenskap |
| | Radikale Redenaars: Streeksuitdunne |
| 21 April: | SA Skole Swemkampioenskap |
| 22 April: | Netballiga 3: Willem Postma |
| | SA Skole swemkampioenskap |
| 23 April: | Voedselprojek Gr. 1C |
| 24 April: | o. 13A-Wildeklawer netbaltoernooi vertrek |
| 25 April: | Voedselprojek Gr. 7A |
| | o. 13A-Wildeklawer netbaltoernooi |
| | Netballiga 4: Bloemfontein laerskool |
| 26 April: | Gr. 3-koekverkoping |
| | o. 13A-Wildeklawer netbaltoernooi |
| 27 April: | Vryheidsdag |
| | o. 13A-Wildeklawer netbaltoernooi |
| 30 April: | Juf. Celeste verjaar |
| | Voedselprojek Gr. 7B |
| | Skool kom 13:00 uit |
| | Geen buitemuurs |
| | o. 11 Limodo Tennistoernooi vertrek 13:00 |
| | Netbal: Vrystaatproewe |

# Tennis

PNB PARIBAS RISING STAR TENNIS 2024:

Oranje se A- en B-span het op Vrydag en Saterdag, 12 – 13 April, aan die PNB PARIBAS RISING STAR tennistoernooi in Bloemfontein deelgeneem. Die dogters het uitstekend gevaar en Oranje se naam hoog gehou. Die uitslae van die toernooi is soos volg:

A-span
Oranje wen FHP A met 3 punte teenoor 0.
Oranje wen Welkom Volkskool met 3 punte teenoor 0.
Oranje wen Trompsburg met 3 punte teenoor 0.
Oranje wen Tjokkies met 3 punte teenoor 0.
Oranje wen Eunice in die semi-finaal met 3 punte teenoor 0.
Oranje A wen Oranje B in die finaal met 3 punte teenoor 0.

B-Span
Oranje wen Eunice met 3 punte teenoor 0.
Oranje wen Willem Postma met 3 punte teenoor 0.
Oranje wen FHP B met 3 punte teenoor 0.
Oranje wen St. Michaels met 3 punte teenoor 0.

Oranje wen FHP A in die semi-finaal met 2 punte teenoor 1.
Oranje B verloor teen Oranje A in die finaal met 0 punte teenoor 3.

Oranje A dring deur na die finaal, wat later die jaar gaan plaasvind

Ons is trots op elke dogter wat deelgeneem en ons naam hoog gehou het.





# Netbal

Ligawedstryde OMS vs Onze Rust, 18 April:

| SPAN | UITSLAG | OMS | ONZE RUST |
|---|---|---|---|
| o.10A | Verloor | 8 | 13 |
| o.10B | Verloor | 1 | 11 |
| o.10C | Wen | 5 | 4 |
| o.10D | Gelykop | 4 | 4 |
| o.11A | Wen | 16 | 7 |
| o.11B | Verloor | 5 | 13 |
| o.11C | Wen | 7 | 5 |
| o.11D | Wen | 9 | 1 |
| o.12A | Wen | 21 | 7 |
| o.12B | Wen | 23 | 7 |
| o.12C | Wen | 13 | 5 |
| o.12D | Verloor | 7 | 8 |
| o.13A | Wen | 11 | 9 |
| o.13B | Verloor | 10 | 13 |
| o.13C | Wen | 15 | 5 |
| o.13D | Wen | 13 | 3 |

Wedstryde gespeel: 16
Wen: 10
Verloor: 5
Gelykop: 1

# Laser Run

Die volgende dogters het op 7 April aan die Suid-Afrikaanse Laser Run kampioenskap in Stellenbosch deelgeneem en soos volg presteer:

o. 10
Lea Cilliers 2de
Z'Ney Piechaczek 4de
Tené Venter 5de

o. 13
Munay Uys 3de

o. 15
Chani Britz 5de

Baie geluk aan die volgende dogters wat ingesluit is in die Suid-Afrikaanse Laser Runspan wat vanaf 7 tot 9 Junie aan die Wêreldkampioenskap in China gaan deelneem:

~ Lea Cilliers
~ Z'Ney Piechaczek
~ Tené Venter
~ Munay Uys
~ Chani Britz

# Sport




**KOM ONDERSTEUN DIE GRAAD 3'S**

26 APRIL 2024
ORANJE SPORTLOKAAL
PRYSE: R5-R10
GROOT VERSKEIDENHEID VAN KOEKE EN HEERLIKE BEDERFIES
TYDENS POUSE

# Algemeen

# MammaMark



## 8-10 MEI

## GIMSAAL

VERKOOPSTYE:
VOOR SKOOL (07:00), POUSES
EN NA SKOOL TOT 14:15

# VarsMark

## VRYDAG, 10 MEI

VARS BLOMME
VARSGEBAK

PANNEKOEK
WARM SJOKOLADE

BESKIKBAAR OP KARRI



## Te veel, te lank ...... Dis baie skadelik

Tegnologie maak die wêreld vinniger. Kommunikasie is soveel vinniger, en jy kan in 'n oomblik met iemand reg aan die anderkant van die wêreld gesels teen baie lae koste. MAAR......

Professor Sheri Madigan van Kanada het al in 2019 in haar navorsing bevind dat te veel skerms en te veel tyd met tegnologie ons kleintjies kognitief en emosioneel benadeel, en dat 25% van Graad 1's direk as gevolg hiervan nie skoolgereed is nie. Liewe ouer, hoor die skokkende bevinding: jou kleuter se brein word negatief beïnvloed deur skerms en tegnologie.

San Diego State University bevind in 2018 dat: "Daar is 'n direkte verband tussen 'n kind se emosionele gesondheid en die hoeveelheid tyd wat hulle met skerms/ tegnologie besig is." (navorsing op 40 000 jongmense).

Dieselfde Universiteit in hulle navorsing met 'n miljoen tieners oor 'n periode van 40 jaar (1976-2016) bevind dat: "Te veel blootstelling aan slimfone lei tot 'n daling in geluk en emosionele gesondheid. Kinders wat hulle tyd beperk op elektroniese toerusting is die gelukkigste."

Hulle bevind dat die gelukkigste kinders 1 uur per dag besig is met skerms.

Dit rym met die bekende Brad Huddlestone se navorsing wat wys dat langer as 1 uur aaneen op 'n skerm die vreugde-area van die brein verlam en beskadig, en dat niks jou kind meer gelukkig kan maak nie. Hy noem die toestand "Anhedonia".

Hoor weer die absolute noodsaaklikheid daarvan dat jy nie net vir jou kind 'n slimfoon in die hand kan stop nie. Nee, duidelike grense, reëls en gevolge is ook hier nodig – hier in jou kind se "tweede wêreld." Dis uiters onverantwoordelike ouerskap om nie hier beheer te neem nie. As jy jou kind werklik liefhet, wil jy mos hê dat jou kind veilig moet wees? Doen dit. Leef dit. Veral in hulle digitale wêreld.

*~ VitaAmp ~*

## Lief en Leed

Ons dink aan Amoré Saaiman wat in die hospitaal is. Ons bid haar 'n spoedige beterskap toe.

# ONGELOOFLIKE SPAN!

★★★★★

Ek wil net vir die WIRUlink-span baie dankie sê. Soos altyd, was julle ongelooflik in terme van omkeertyd en professionaliteit om my internet probleem opgelos te kry. **Julle rock!**

**Sue**

wirulink
wireless • fibre • voice • data

**051 011 8500**

**www.wiru.co.za**

Aangedryf deur die RUSH NETWORK

DFA OPEN ACCESS NETWORK · FIBRE BY VUMA · Frogfoot Just connect · openserve

# Advertensies